HOËRSKOOL HENNENMAN

# NUUSBRIEF

## Uit die Skoolhoof se pen...

PER LABOREM AD FINEM

### Liewe Ouers

Die kwartaal is volstoom aan die gang en die sport- en kultuurbedrywighede hou ons besig!

Baie geluk aan al ons leerders wat hierdie kwartaal op die top 10 vir akademie is. Julle harde werk word raakgesien en ons is baie trots op elkeen van julle!

Me. Jomari Langenhoven het bedank en verlaat ons einde April. Ons bedank haar vir haar insette en wens haar sterkte toe op haar lewenspad vorentoe.

Tydens die eerste ligawedstryde van die seisoen behaal ons pragtige uitslae! Sien die sportuitslae in bylaag A. Baie geluk aan ons spanne wat gewen het! Baie sterkte aan al ons spanne met die res van die seisoen se wedstryde.

Die hokkie en netbalwedstryde hervat op Donderdag, 8 Mei. Die hokkie speel teen Goudveld en die netbal teen St. Dominic's op eie bodem. Die rugbywedstryde is wegwedstryde wat op Saterdag, 10 Mei teen St. Anne's plaasvind.

Hou asseblief ook ons sosiale media dop vir veranderinge op die kalender.

Daar sal volgende week, 28 April tot 2 Mei geen skool wees nie. Leerders ontvang egter assesseringstake wat hulle moet voltooi. Ons vra asseblief dat u sal toesien dat hierdie take voltooi word.

Indien u bevoorreg is om weg te gaan, wees asseblief veilig!

### GOLD FM GOLDEN HEARTS ASSOCIATION

Drie van ons leerders, nl. Hendrik Myburgh, CP Botha en Dané Rossouw vorm deel van die GoldFM se Gold Hearts Association.

Baie dankie aan GoldFM 104.3 Welkom wat hierdie verrykende geleentheid aan ons kinders bied.

### PRESTEERDERS

**Dané Rossouw**

het aan die Oppie tong af kompetisie deelgeneem en 'n gemiddeld van 84,8% met haar redenaarstoespraak behaal. Sy ontvang 'n A+ sertifikaat vir hierdie prestasie.

**Timea Venter**

het aan die *DTMA Trials*-danskompetisie deelgeneem en behaal 'n tweede plek in Hip-Hop en 'n derde plek in Musikale teater. Sy is ook lid van die senior Hip-Hop dansgroep wat 84% behaal.

### BYLAAG A – UITSLAE VAN LIGAWEDSTRYDESPELER

| | |
|---|---|
| Hokkie vs St. Dominic's | 1stes verloor 0-2<br>o.16 verloor 0-2 |
| Netbal vs St. Andrew's | 1stes wen 53-12<br>2des wen 19-2<br>o.15 wen 18-0<br>o.14 wen 43 - 6 |
| Rugby vs Theunissen | 1stes wen 53-7<br>o.16 wen 32-10 |

### PROEWE

**Hokkie**

Baie geluk aan Ethan Compton, Cheslin Rode and Jano Ross wat in die Noord-Vrystaat Rhino toerspan ingesluit is. Hulle gaan gedurende die vakansie aan die Rhinoweek toernooi deelneem.

**Rugby**

Baie sterkte aan die volgende leerders wat deur is na die volgende rondte rugbyproewe:

Brandon Baker, Siya Khaba, Armand Jordaan, Dian Wagenaar, Dian Coetzee, Janco Steenkamp, Jaco Ferreira en Dilyn Claassens.

**ONS IS BAIE TROTS OP HIERDIE HOKKIE- EN RUGBYSEUNS!**

**Netbal**

Baie sterkte aan ons netbaldogters wat hierdie naweek Lejweleputswa-proewe speel. Ons glo dit gaan sommer baie goed gaan!